**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

**EXTRAORDINARY**

# OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

10c | Dinsdag 19 Februarie 1974 | WINDHOEK | Tuesday 19 February 1974 | No. 3380

INHOUD / CONTENTS

*Bladsy/Page*

ONTWERPORDONNANSIE:

Wysigingsontwerpordonnansie op Hospitale, 1974 ... 123

DRAFT ORDINANCE:

Hospitals Amendment Draft Ordinance, 1974 124

## Ontwerpordonnansie

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

## Draft Ordinance

The following Draft Ordinance is published for general information.

H. P. F. GOUS,
*Acting Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

——— Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

# ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Hospitale, 1972, betreffende die gelde wat deur werkgewers betaalbaar is ten opsigte van werknemers wat vry behandeling ontvang; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

Wysiging van artikel 18A van Ordonnansie 14 van 1972, soos ingevoeg deur artikel 8 van Ordonnansie 3 van 1973.

1. Artikel 18A van die Ordonnansie op Hospitale, 1972 (Ordonnansie 14 van 1972), word hierby gewysig -

(a) deur die volgende voorbehoudsbepaling by subartikel (1) te voeg:

"Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee enige sodanige werkgewer van die bepalings van hierdie subartikel kan vrystel op die voorwaardes wat hy bepaal."; en

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) By die toepassing van subartikel (1) beteken "werkverskaffingsburo" 'n werkverskaffingsburo ingestel ingevolge die Regulasies vir Werkverskaffingsburo's, 1972, afgekondig by Proklamasie No. R.323 van 1972 van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika in *Staatskoerant* No. 3742 van 22 Desember 1972, en ook 'n werkverskaffingsburo ingestel ingevolge die Regulasies vir Werkverskaffingsburo's vir Namas, 1973, afgekondig by Proklamasie No. R.32 van 1973 van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika in *Staatskoerant* No. 3780 van 9 Februarie 1973.".

Kort titel en inwerkingtreding.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Hospitale, 1974, en word geag in werking te getree het op die eerste dag van Februarie 1974.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

——— Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Hospitals Ordinance, 1972, in regard to the fees payable by employers in respect of employees who shall receive free treatment; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

Amendment of section 18A of Ordinance 14 of 1972, as inserted by section 8 of Ordinance 3 of 1973.

1. Section 18A of the Hospitals Ordinance, 1972 (Ordinance 14 of 1972), is hereby amended -

(a) by the addition to subsection (1) of the following proviso:

"Provided that the Executive Committee may exempt any such employer from the provisions of this subsection, subject to such conditions as it may determine."; and

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) For the purposes of subsection (1) "employment bureau" means an employment bureau established in terms of the Employment Bureaux Regulations, 1972, published under Proclamation No. R.323 of 1972 of the State President of the Republic of South Africa in *Government Gazette* No. 3742 of 22 December, 1972, , and includes an employment bureau established in terms of the Employment Bureaux Regulations for Namas, 1973, published under Proclamation No. R.32 of 1973 of the State President of the Republic of South Africa in *Government Gazette* No. 3780 of 9 February, 1973."

Short title and commencement.

2. This Ordinance shall be called the Hospitals Amendment Ordinance, 1974, and shall be deemed to have come into operation on the first day of February, 1974.